*Acta Academica Supplementum 2004(1): 88-112*

*Retha du Plessis*

# Die narratiewe werkswyse in gemeenskapsontwikkeling

Die narratiewe metode wat 'n nuwe beweging in die terapeutiese veld ingelui het, kan ook tydens gemeenskapsontwikkeling benut word. In die implementering van die vyf "micro-maps" wat deur Michael White (1998) ontwikkel is, is dit belangrik dat die maatskaplike werker deurlopend sal poog om suksesvol tot die gemeenskap toe te tree. Dit is belangrik om van 'n nie-beterweterige-posisie te werk ten einde die gemeenskapslede in staat te stel om hulle narratiewe te deel. Wanneer laasgenoemde hul narratiewe vertel het, is dit die taak van die maatskaplike werker om probleemtemas te identifiseer en daarna 'n proses te fasiliteer wat die gemeenskapslede in staat stel om dié temas te eksternaliseer en moontlike unieke uitkomste te vind wat die basis vir nuwe stories kan vorm. Bevestigingseremonies bied geleenthede om nuwe stories te bevestig. Dié terugskouende hantering van narratiewe kan daartoe bydra dat stories van hoop, volhoubaarheid en bemagtiging verder ontwikkel word. Die narratiewe metode het die moontlikheid om gemeenskappe sodanig te bemagtig dat hulle verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling aanvaar.

## The narrative method in community development

The narrative method, a fundamentally new direction in the therapeutic world, can be used in community development work. In implementing the five "micro-maps" developed by Michael White (1998), the social worker will continually concentrate on successfully entering the community. It is important to act from a position of ignorance in order to enable the members of the community to explore their narratives. Once the community has done this, the task of the social worker is to identify problem themes and then to facilitate a process enabling community members to externalize these themes and develop unique outcomes that may form the basis of new stories. Definitional ceremonies provide opportunities for witnessing new narratives. The implementation of "taking-back" practices may contribute to a process whereby stories of hope, sustainability and empowerment are developed. The narrative method has the potential to empower communities to such an extent that they take over their own development.

*Dr M J M du Plessis, Dept Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; E-pos: dplessmj.hum@mail.uovs.ac.za*

Die narratiewe werkswyse wat volgens O'Hanlon (1994: 22) 'n nuwe beweging in die terapieveld vir die geesteswetenskappe ingelui het, spruit voort uit die konstruktiwistiese denke en spesifiek die sosiaal-konstruksionisme. In die praktyk behels dié werkswyse dat gepoog word om mense tot bemagtiging te laat beweeg, wat inhou dat hulle hulle ware self kan word deur die ontwikkeling van nuwe alternatiewe stories waaraan hulle vrylik uitdrukking kan gee. Du Plessis (2000: 416) het bevind dat die narratiewe werkswyse effektief tydens gemeenskapsontwikkeling benut kan word in die lig van die volgende omskrywing van gemeenskapsontwikkeling: Gemeenskapsontwikkeling is die doelbewuste betrekking van die totale gemeenskap by 'n proses wat interdissiplinêr geïnisieer word ten einde die gemeenskap te laat groei op ekonomiese, politieke, godsdienstige en sosiale vlak tot 'n situasie waar die gemeenskap vanaf grondvlak, selfstandig verantwoordelikheid uitoefen ten opsigte van sy eie ontwikkeling, deur middel van die ontwikkeling en instandhouding van volhoubare programme.

Na aanleiding van Du Plessis (2000: 267-404) se uiteensetting van die benutting van die narratiewe werkswyse tydens die inisiëring en implementering van gemeenskapsontwikkeling in 'n plattelandse gemeenskap, blyk dit dat al die metodes in maatskaplike werk op 'n geïntegreerde wyse tydens so 'n aksie benut word. Die inkleding daarvan word hoofsaaklik bepaal deur die uniekheid van die betrokke gemeenskap, die instansie wat die ontwikkelingsprogramme inisieer en die betrokke professionele persone wat as gemeenskapsontwikkelaars gaan optree.

Volgens Gray (1996: 11) en Du Plessis (2000: 20) is dit tydens die hele proses van gemeenskaps-ontwikkeling belangrik dat alle gemeenskapslede vanaf grondvlak sal deelneem aan die ontwikkelingsproses ten einde die gemeenskap tot sy eie ontwikkelaar te laat groei. Tydens die verskillende fases of gebeure eie aan die narratiewe werkswyse word daar veral vanuit 'n nie-beterweterige-posisie ("notknowing") te werk gegaan ten einde die gemeenskapslede aktief by hul eie ontwikkeling en dié van hulle gemeenskap te betrek.

## 1. Fases/gebeure van die narratiewe werkwyse

Die volgende fases/gebeure bied vergestalting aan die narratiewe werkswyse binne die konteks van gemeenskapsontwikkeling.

### 1.1 Toetrede tot 'n gemeenskap

Die toetrede tot 'n gemeenskap verwys na die beginfase van die doelgerigte bestuur en inisiëring van 'n gemeenskapsontwikkelingsaksie. Tydens dié fase wanneer die eerste kontak tussen die gemeenskap en die maatskaplike werker plaasvind, word grootliks bepaal of die gemeenskap se vertroue sodanig gewen gaan word dat gemeenskapslede op 'n evolusionêre wyse toenemend verantwoordelikheid vir hulle eie ontwikkeling gaan aanvaar. Dit is 'n fase wat baie lank kan duur, na gelang van faktore soos die grootte en dinamika van die gemeenskap, asook die persoon van die maatskaplike werker en haar[1] unieke werkstyl. Die aanloop tot die inisiëring van 'n ontwikkelingsaksie speel 'n verdere rol ten opsigte van die verloop en inkleding van hierdie fase.

Daar is hoofsaaklik drie wyses waarop 'n maatskaplike werker by die inisiëring en implementering van gemeenskapsontwikkeling binne 'n bepaalde gemeenskap betrokke kan raak.

- Die betrokke maatskaplike werker is reeds vir 'n geruime tyd by dienslewering in die gemeenskap betrokke.
- Dit kan ook gebeur dat 'n gemeenskap spontaan 'n versoek tot 'n bepaalde instansie en maatskaplike werker(s) rig om gemeenskapsontwikkelingsprogramme binne die bepaalde gemeenskap te loods.
- Dit kan ook gebeur dat gemeenskappe deur maatskaplike werkers betree word met die doel om ontwikkelingswerk te doen sonder dat die gemeenskap noodwendig amptelik sodanige uitnodiging gerig het.

Die fondament waarop alle ontwikkelingsinisiatiewe in 'n gemeenskap gebou word, is die wyse waarop die maastskaplike werker tot die gemeenskap toetree en daarmee saam, die aard van die ver-

1 Die vroulike vorm word gebruik ter wille van eenvormigheid in die verwysing na die maatskaplike werker in die teks. Daarmee word die bestaan en rol van manlike maatskaplike werkers nie misken nie.

houding wat sy met die gemeenskap opbou en in stand hou. Hoffman & Sallee (1994: 116) stel dit duidelik dat "[r]elationships are at the heart of social work, and the change process is dependent on the quality of relationships that social workers are able to form". Ten einde gemeenskapsontwikkeling te laat realiseer en veranderinge by sowel individue as die gemeenskap in geheel te bewerkstellig, is 'n vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en gemeenskap onontbeerlik.

Om 'n vertrouensverhouding met 'n gemeenskap daar te stel, verg besondere kundigheid en vermoëns van die maatskaplike werker. Volgens Mehr (1986: 188) kan die vermoë om 'n doeltreffende interpersoonlike verhouding daar te stel in twee breë kategorieë verdeel word, naamlik "being and doing". Die maatskaplike werker se menswees of wie sy is ("being") verwys na aspekte soos houdings, waardes en gevoelens wat haar aksies kleur, terwyl optredes ("doing") dui op vaardighede wat benut word ten einde verhoudings te bou. In die daarstelling van 'n vertrouensverhouding met 'n gemeenskap speel die persoon van die maatskaplike werker net so 'n belangrike rol as die vaardighede wat benut word. Oosthuizen (1995: 282) is van mening dat die maatskaplike werker se vermoë om 'n gemeenskap te begryp, beïnvloed word deur haar

> personal value systems, which means that her personhood plays a crucial role in establishing patterns of connectedness or disconnectedness with a particular community.

Dit blyk dus van belang te wees dat die maatskaplike werker bewus sal wees van haar waardes en die betekenis wat sy aan 'n gemeenskap en die gebeure binne so 'n gemeenskap gee.

Ten einde suksesvol tot 'n geemeenskap toe te tree, met ander woorde om 'n vertrouensverhouding te vestig, verg dat die maatskaplike werker sensitief sal wees vir die wyse waarop sy en die gemeenskap mekaar onderling ervaar, definieer en werklikheidskonstruksies oor mekaar ontwikkel. Die bepaalde onderlinge persepsies wat oor mekaar gehuldig word en onderlinge ervaringe, sal waarskynlik 'n groot invloed hê op die moontlike ontwikkeling van vertroue. Aspekte wat 'n belangrike rol kan speel, is byvoorbeeld die kulturele en historiese agtergrond van die maatskaplike werker en gemeenskap asook die rassegroep waartoe hulle behoort (vgl Lee 1996: 188). In

die Suid-Afrikaanse konteks behoort 'n maatskaplike werker wat tot die blanke Afrikaanssprekende kultuurgroep behoort, sensitief te wees vir die historiese gebeure met betrekking tot apartheid en moontlike betekenisgewing wat na aanleiding daarvan deur byvoorbeeld 'n oorwegend swart Sothosprekende gemeenskap aan haar geheg kan word en omgekeerd. Daar kan byvoorbeeld persepsies bestaan dat die maatskaplike werker deel is van 'n sisteem wat outoritêr optree en mense onderdruk, of dat sy uit 'n bevoorregte posisie kom en nie hulle problematiek sal begryp nie, of dat sy juis vanweë haar bevoorregte posisie oor meerdere kennis beskik en hulle dus sal kan help. Die maatskaplike werker sou weer moontlik persepsies van die gemeenskap kan huldig, soos dat hulle agtergeblewe is en dus nie oor die vermoë beskik om vir hulleself te dink nie en dat sy beter sal weet, of dat die gemeenskap vyandiggesind sal wees, of moontlik kan die siening bestaan dat dié gemeenskap oor waardevolle inheemse kennis beskik wat tot voordeel van hulle eie ontwikkeling aangewend kan word. Watter persepsies ook al mag bestaan, dit gaan 'n belangrike invloed op die hele proses van gemeenskapsontwikkeling hê en daarom behoort dit baie duidelik in ag geneem te word, veral tydens die betreding van die gemeenskap. Dit is daarom aan te bevele dat daar nie vanuit 'n beterweterige posisie gewerk sal word en dat die pad van ontwikkeling saam met die gemeenskap aangedurf word.

'n Gemeenskap kan nouliks betree word en 'n vertrouensverhouding daargestel word sonder om noukeurig te let op die struktuur en dinamika van die betrokke gemeenskap (vgl Fawcett *et al* 1995: 680). Dit is byvoorbeeld nodig om te let op betrokke formele instansies asook informele organisasies wat in 'n betrokke gemeenskap aktief is, want sodanige instansies speel 'n belangrike rol in die werklikheidskonstruerings van 'n gemeenskap en gevolglik ook in die dag-tot-dag-aktiwiteite. Selfs weer- en klimaatsomstandighede behoort in ag geneem te word. In 'n tipiese boerderygemeenskap behoort die gemeenskapslede gerespekteer te word ten opsigte van hulle aktiwiteite weens weers- en klimaatsomstandighede. So sal 'n gemeenskapsvergadering onprakties wees wanneer dit oestyd is of indien daar baie ongure weer is.

Die leierskaps- en magspatrone is ook 'n belangrike komponent om te verreken wanneer 'n gemeenskap betree word. Dikwels beskik

die leiers van 'n bepaalde gemeenskap oor soveel mag dat daar eers as't ware by hulle toestemming verkry moet word om enigsins met enige ander lid van die gemeenskap kontak te maak. Verder behoort daar ook groot sensitiwiteit te wees vir die heersende magstryd en konflik wat in 'n bepaalde gemeenskap teenwoordig is, want die verskillende belangegroepe sou kon poog om die maatskaplike werker se simpatie te bekom of dit kan ook gebeur dat opponerende groepe kan meen dat sy met 'n bepaalde groep nouer saamwerk of in koalisie is en dus nie vertrou kan word nie (vgl St Lawrence & Ndiaye 1997: 554-5).

Na aanleiding van Freedman & Combs (1996: 33-4) se aanduiding wat die rol van stories met betrekking tot die posisie van die man en vrou ("gender stories") in verskillende kulturele milieus speel, kan aanvaar word dat dit in die konteks van gemeenskapsontwikkeling ook 'n belangrike rol kan speel. Die maatskaplike werker behoort by die betreding van die gemeenskap sensitief te wees vir die waardes en persepsies wat in dié verband bestaan, want so sou dit, onder andere, 'n invloed kan hê op die gemeenskap se ervaring van haar bloot op grond van haar geslag. Verder kan dit ook 'n invloed hê op die wyse waarop die gemeenskap hanteer word in die opsig dat daar in sekere situasies liefs eers met van die manlike persone in die gemeenskap kontak gemaak word ten einde nie met die heersende status quo wat in die gemeenskap gehandhaaf word ten opsigte van die rol, plek en mag van die verskillende geslagte te bots nie.

Die eerste kontak wat met die gemeenskap gemaak word deur die maatskaplike werker is baie belangrik, want dit kan die fondament vir verdere betreding vorm of dit kan juis 'n struikelblok word vir die inboeseming van enige verdere vertroue. Daarom is dit belangrik dat die persone en/of groepe met wie aanvanklik kontak gemaak word, baie versigtig geselekteer word. Dit is belangrik dat veral die leierskap- en magstruktuur in dié verband gerespekteer word. Die teenwoordigheid van medekollegas of ander professionele persone wat heel waarskynlik 'n prominente posisie het, veral in die formele leierskapstrukture moet verreken word. Dus behoort daar spoedig met persone soos skoolhoofde, die landdros, medici en kerkleiers kontak gemaak word.

In gevalle waar die maatskaplike werker reeds 'n geruime tyd in die gemeenskap werksaam is, het die betreding van die gemeenskap reeds plaasgevind en dit gaan nou om die verdere verkenning van die gemeenskap. In die geval waar die gemeenskap die maatskaplike werker of bepaalde instansie waar sy werksaam is, uitgenooi het om ontwikkelingswerk te kom doen, is dit logies dat die mense wat die uitnodiging gerig het waarskynlik die mense sou wees met wie eerste kontak gemaak sou kon word. Hulle is immers diegene wat toestemming verleen het dat die gemeenskap betree kan word. Omdat hulle nie noodwendig die totale gemeenskap verteenwoordig nie, sou daar stelselmatig na die res van die gemeenskap beweeg word.

Wanneer die maatskaplike werker in 'n gemeenskap inbeweeg sonder 'n formele uitnodiging van die gemeenskap sou die aanvanklike kontak waarskynlik met formele leiers in ampsposisies geskied, soos die stadsklerk, burgemeester, predikante, skoolhoofde, hoof van die polisie en die hoof mediese beampte. Na aanleiding van die aanvanklike gesprekke met dié leiers sal verdere persone en groepe geïdentifiseer kan word wat by verdere gesprekke betrek kan word.

Ten einde die gemeenskap se vertroue te wen en te behou, behoort al die beginsels van maatskaplike werk en wat die narratiewe werkswyse ten grondslag lê, gerespekteer te word. Die gemeenskap word dus met die nodige respek benader en verder word daar op 'n deursigtige wyse te werk gegaan volgens die tempo waarteen die gemeenskap beweeg. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker soveel as moontlik een-tot-een-gesprekke met soveel gemeenskapslede as moontlik probeer voer ten einde aan elke lid die ervaring te gee dat sy belangrik is en dat elke individu ook die geleentheid kry om die betrokke maatskaplike werker te ontmoet. Alhoewel dit selde moontlik is om met elke individuele lid 'n gesprek te voer, behoort gepoog te word om ten minste met verteenwoordigers van alle belangegroepe kontak te maak (vgl Servaes 1995: 46). Hierdie uitreiking na die totale gemeenskap kan oor 'n geruime tyd plaasvind. Dit is egter belangrik dat dit wel plaasvind en teen die tempo wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is. Die gemeenskap moet as't ware ryp word vir die toenemende akkommodering van die maatskaplike werker. Daar kan byvoorbeeld al in sekere areas van die gemeenskap ontwikkelingsprojekte geïnisieer word terwyl ander nog in die betredings-

fase is. Dit kan selfs gebeur dat die verloop van bepaalde kleiner ontwikkelingsaktiwiteite sekere dele van 'n gemeenskap gereed maak vir betreding en toetreding tot die totale ontwikkelingsinisiatief.

Tydens die aanvanklike kontak met gemeenskapslede poog die maatskaplike werker hoofsaaklik om 'n atmosfeer van vertroue te skep waarbinne sy en die gemeenskap mekaar kan leer ken en 'n interaksieproses begin wat geleidelik kan lei tot meer spesifieke verkenning en mededeling van werklikheidsperspektiewe ten einde nuwe perspektiewe te ontwikkel. Die ontwikkelingsaksies realiseer dan by wyse van die vertelling van stories en narratiewe, die eksternalisering daarvan en die verdere ontwikkeling van nuwe narratiewe wat die hantering van probleemsituasies sou impliseer.

## 1.2 Die uitdrukking van die gemeenskap se werklikheid of narratiewe

By wyse van taal en spesifiek deur die vertelling van stories of narratiewe kan gemeenskapslede die geleentheid kry om hulle perspektiewe oor hulle werklikheid uit te druk. Die gemeenskap kry dus die geleentheid om sy ervaringe en die betekenisse wat daaraan geheg word, te verwoord. Van der Berg *et al* (1999: 114) noem dat die gemeenskap op dié wyse 'n geleentheid vind om 'n spieëlbeeld van hulle lewe te gee. Deur die uitdrukking van die gemeenskap se narratiewe word die lewe van sodanige gemeenskap geskets.

Die uitdrukking of verwoording van die gemeenskap se werklikheid bied aan die maatskaplike werker die geleentheid om 'n proses te fasiliteer wat die gemeenskap in staat stel om sy dominante stories te vertel met die doel voor oë om die proses van eksternalisering van probleemgedomineerde stories te laat plaasvind. Volgens Van der Berg *et al* (1999: 118) dui die stories van die gemeenskap gewoonlik op bepaalde groeipotensiaal wat later as 'n unieke uitkoms ("unique outcomes") kan dien vir die ontwikkeling van nuwe stories. In die proses van storievertelling ontwikkel die gemeenskap 'n gevoel van eie identiteit en geskied daar 'n ontwikkelingsproses as gevolg van die storievertelling wat plaasvind (Van der Berg *et al* 1999: 119). Rappaport (1995: 796) sluit hierby aan en noem dat die gemeenskap gehelp word "to discover their own stories, create new ones" en beweeg sodoende na die bereiking van die doelstellings van bemagtiging.

Die te woord stel van die gemeenskap se stories blyk 'n onontbeerlike gebeurtenis te wees in die hele proses van gemeenskapsontwikkeling. Dit is die wyse waarop 'n gemeenskap nie net sy behoeftes bekendmaak nie, maar betekenis gee aan sy totale wêreld en in 'n proses van ontwikkeling beweeg waartydens nuwe perspektiewe op die werklikheid ontstaan as gevolg van die voortdurende interaksie wat plaasvind. Nuwe narratiewe ontwikkel wat die ou probleemgedomineerde stories vervang en dus die oplossing en effektiewe hantering van probleemsituasies impliseer.

Namate die maatskaplike werker die gemeenskap geleidelik betree en met verskillende mense en groepe kennismaak, word van die gemeenskap self 'n aanduiding gekry oor die wyses waarvolgens geleenthede geskep kan word om aan die gemeenskap geleentheid te gee om hulle narratiewe te deel (Van der Berg *et al* 1999: 117). Sommige van die gespreksgeleenthede mag 'n een-tot-een-situasie wees, ander mag weer in klein informele groepe of met gesinne plaasvind. Formele instansies soos skole sou besoek kon word waartydens gesprekke met individue, groepe en selfs met die totale skool gevoer kan word. Hierdie gespreksgeleenthede sou oor 'n onbepaalde tyd kon voortduur en telkens volgens die behoeftes van die gemeenskap ingeklee word. Daar kan gestel word dat gemeenskapsontwikkeling nie kan voortgaan en voortduur sonder dat daar gereelde gesprekvoering in die gemeenskap plaasvind nie, want sodoende word nuwe werklikhede voortdurend gekonstrueer wat telkens die hantering van nuwe probleemsituasies inhou.

Alhoewel die gespreksgeleenthede volgens die styl en behoefte van die gemeenskap ingeklee word, is daar tog bepaalde insette wat die maatskaplike werker maak ten einde dominante stories te identifiseer, te eksternaliseer, en nuwe stories te ontwikkel. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker uit 'n posisie beweeg waarin sy nie weet nie en dus luister in plaas daarvan om te praat. Daar word gepoog om te verstaan wat die betekenis van die gemeenskap se storie vir hulleself inhou.

Die maatskaplike werker maak veral van vrae gebruik om die gemeenskap aan te moedig in hulle storievertelling. Daar word vrae gevra wat tot antwoorde lei wat weer nuwe vrae vereis (Van der Berg *et al* 1999: 119). Dit gaan dus daaroor om die gemeenskap aan te

moedig om hulle stories in al groter detail te beskryf. Die vrae spreek van opregte belangstelling en help die vertellers om die areas in hulle lewens en omstandighede waaroor hulle bepaalde belewenisse het, maar nog nie behoorlik verwoord het nie te verwoord en in die proses hulle lewe in al meer besonderhede te beskryf. Dit vorm die basis vir die bepaling van sentrale temas of dominante stories en die verdere eksternalisering daarvan.

In 'n studie van Du Plessis (2000: 372-3) is daar voorbeelde van sodanige vrae. Tydens gesprekke met die personeel van 'n skool is daar byvoorbeeld gevra: "Hoe sou julle julle belewenisse van julle huidige situasie beskryf?" Hierop het hulle geantwoord dat dit soos 'n bodemlose swartgat is. Dié antwoord is weer opgevolg met die volgende vraag: "Watter boodskappe sein die 'bodemlose swartgat' aan julle?" Dit het gelei tot verdere vertellings van hulle verhale, die eksternalisering daarvan en die ontwikkeling van nuwe verhale.

## 1.3 Eksternalisering van die gemeenskap se narratiewe

Eksternalisering van die dominante storie of probleem is 'n werkswyse eie aan narratiewe terapie en word deur White & Denborough (1998: 3) verduidelik as gesprekke "that create space for people to see themselves as separate from the problems that are affecting their lives". In die konteks van 'n gemeenskap sou dit beteken dat individue, groepe en die totale gemeenskap deur middel van eksternalisering van hulle probleemomstandighede geskei word en daar 'n verhouding tussen die betrokkenes en die problematiek geskep word. So byvoorbeeld sou probleme soos armoede, werkloosheid, verslawing, vigs en geweld van die gemeenskap geskei word en sou die gemeenskap in 'n verhouding tot die probleme staan asof dit persone is. Die probleme word as karakters beskou met wie daar in gesprek getree kan word. Deur middel van eksternaliseringsgesprekke kan die maatskaplike werker die gemeenskap vanaf 'n posisie waar hulle probleme hulle lam lê, beweeg na 'n situasie waar hulle beheer oor die probleme kan uitoefen — 'n situasie van bemagtiging.

Sodra die gemeenskap in 'n verhouding met die probleem staan, met ander woorde hulle ervaar dat hulle los van die probleem staan, raak die gemeenskap gereed om tot aksie oor te gaan. Epston (1998: 51) meen dat die skeiding met die probleem daartoe lei dat "they are

creative, enlivened, enthusiastic, and can call upon problem-solving capabilities that are surprising even to them". Die gemeenskapslede raak individueel en gesamentlik gereed om inisiatief te neem ten opsigte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat tot probleemoplossing en die verbetering van die totale leefomstandighede binne die gemeenskap kan lei.

Eksternalisering het verder tot gevolg dat die gemeenskapslede nie langer voortgaan met selfverwyt, die slinger van onderlinge verwyte of om ander groepe, instansies of beleidmaatrëels te blameer vir hulle besondere probleemsituasie nie (O'Hanlon 1998: 58). Die gemeenskap ervaar toenemend dat hulle in beheer van hulle lewe en lewensomstandighede kom en aldus verandering kan bewerkstellig. Opsommend kan gestel word dat eksternalisering die gemeenskap bemagtig, 'n ervaring van trots, selfrespek en selfwaardering teweegbring, met die gevolg dat daar voldoende energie, motivering en inisiatief na vore tree sodat die gemeenskap sy probleme kan hanteer en nuwe narratiewe ontwikkel.

Reeds vanaf die eerste kontak en gesprekke wat tussen die maatskaplike werker en die gemeenskap plaasvind, neem die vertelling van gemeenskapsnarratiewe 'n aanvang. So sou 'n individu teenoor die maatskaplike werker kan opmerk dat dit baie droog is en dat dit al moeiliker word om werk te kry, want die boere kry te swaar, of 'n groep onderwysers kan vertel dat hulle baie bekommerd is omdat die kinders nie gemotiveerd is om hulle skoolloopbaan te voltooi nie, want hulle gaan in elk geval nie werk kry nie. Ten einde aan die gemeenskap die geleentheid te gee om sy narratiewe in meer detail te deel, sou sodanige spontane gesprekvoering voortgesit kan word, maar daar sou ook formele geleenthede soos vergaderings gereël kan word sodat die vertellings kan voortgaan.

In die konteks van 'n gemeenskap sou daar dus met baie mense gepraat kon word en verskillende narratiewe sal waarskynlik na vore kom met bepaalde ooreenkomste en verskille. Die vraag is nou of die maatskaplike werker elke storie met sy probleemelemente gaan eksternaliseer, of sal daar aan sekere stories voorkeur verleen word? Elke gemeenskap met sy unieke dinamika sal waarskynlik volgens hulle eie styl en tempo van gereedheid deelneem aan die eksternaliseringsproses. Vanweë praktiese omstandighede, soos die tydsfaktor, beskik-

baarheid van alle betrokkenes en grootte van die gemeenskap, kan verwag word dat binne die verskillende segmente van die gemeenskap subgroepe kan vorm op basis van hulle betrokkenheid en belange by bepaalde omstandighede. Daarvolgens sal waarskynlik voorkeur aan sekere gemeenskapsnarratiewe bo dié van ander gegee word. Die groep werkloses in 'n gemeenskap sal waarskynlik baie meer gemotiveerd wees om stories in dié verband te vertel en bereid wees tot deelname aan eksternaliseringsgesprekke ten opsigte van sodanige stories, terwyl die groep bejaardes wat 'n storie deel van gebrekkige versorging en beveiliging, weer eerstens daaraan sou wou aandag skenk. Alhoewel daar dus met kleiner groepe volgens hulle besondere omstandighede in gesprek getree word, blyk dit tog van belang te wees om die gesprek met die groter gemeenskap nie te verwaarloos nie en op daardie vlak ook aan die verskillende subgroepe se stories aandag te gee, asook meer algemene narratiewe waarby almal gesamentlik belang het. Dit blyk egter duidelik dat daar nie net op een van die vlakke gesprek gevoer kan word nie. Gewoonlik is die individuele gesprek tussen die maatskaplike werker en individue in die gemeenskap net so belangrik ten opsigte van die vertelling van stories en die eksternalisering daarvan, omdat die individu se verhaal deel vorm van die groter geheel en dus onontbeerlik is met die oog op latere nie-probleemgedomineerde stories.

Tydens die verskillende gespreksgeleenthede waartydens die gemeenskap se narratiewe gedeel word, is dit belangrik dat die maatskaplike werker sal let op sentrale temas en dan spesifiek probleemgeoriënteerde temas. Na aanleiding van hierdie temas kan die proses van eksternalisering begin vorm aanneem deur relatiewe beïnvloedingsvrae te vra en die probleem algaande in meer detail te omskryf (vgl White & Epston 1990: 42; Freedman & Combs 1996: 66). Die relatiewe beïnvloedingsvrae lei daartoe dat die invloed wat die probleem op die gemeenskap het in toenemende volledigheid beskryf word. Die probleem word beskryf ten opsigte van die aard van die probleem, met ander woorde die verskillende gesigte wat dit kan aanneem, asook die rol wat dit in die gemeenskap speel. Dit kom daarop neer dat die aard van die probleem omskryf word.

Voorbeelde van relatiewe beïnvloedingsvrae wat tydens gesprekvoering met die gemeenskap gevra kan word, is onder andere die volgende:

- Ten einde die rol van die probleem in die lewe van 'n gemeenskap te bepaal, is dit nuttig om te let op die historiese ontwikkeling en verloop van die probleem se "lewe" of "bestaan". Daar word dus gelet op waar die probleem vandaan kom en hoe dit gegroei het tot die vorm wat dit vandag aanneem, asook die verhouding wat tussen die gemeenskap en die probleem ontstaan het. White en Denborough (1998: 6) noem dat "[c]ommunity members have often been recruited into powerfully negative stories about themselves and their lives" en deur aan die gemeenskap te vra hoe hulle gewerf is om op 'n bepaalde wyse te dink, met ander woorde hoe die probleem die bepaalde rol in hulle bestaan begin speel het, laat die besef ontwikkel dat die probleem 'n historiese verloop het. Dit het tot gevolg dat die gemeenskap kan sien hoe die probleem 'n toenemende mag oor hulle bekom het en 'n groeiende invloed op hulle lewens begin uitoefen het. Die verhouding tussen die gemeenskap en die probleem begin al duideliker blyk en die gemeenskap kry toenemend die ervaring dat hulle in 'n verhouding met die probleem staan en dat die probleem nie deel van hulle is nie, maar iets apart is.
- Namate die gemeenskap toenemend ervaar dat 'n skeiding tussen hulle en die probleem moontlik is, word die eksternalisering van die probleem verder gevoer deur met die gemeenskap te kommunikeer asof die probleem 'n persoon is (O'Hanlon 1994: 26). Die verpersoonliking van die probleem kan selfs inhou dat daar 'n naam aan die probleem gegee word, byvoorbeeld Willie Werkloos of Arrie Armoede. Daar kan nou gevra word wat Arrie Armoede aan hulle kommunikeer met betrekking tot die toekoms, of wat doen Willie Werkloos dat hy soveel volgelinge kry. Die gemeenskap beweeg dus geleidelik na 'n posisie waar hulle so verwyderd van die probleem raak dat hulle daarmee kan kommunikeer en aandui watter effek dit op hulle het, met ander woorde hulle kan die verhouding tussen hulle en die probleem bespreek.
- Vervolgens sou die rol wat die probleem in die gemeenskap se bestaan speel, bespreek kon word sodat die gemeenskapslede be-

wus word van die effek van die probleem op elke individu asook op die totale gemeenskap. So sou die gemeenskap kon gesels oor hoe Willie Werkloos hulle byvoorbeeld angstig maak en sodanig ontmoedig dat hulle alle hoop laat vaar het en nou oormatig alkohol gebruik om te probeer beter voel (vgl O'Hanlon 1994: 26). Dit is asof die gemeenskap die geleentheid kry om die probleem as't ware aan die kaak te stel.

Tydens die eksternalisering van die probleemtemas in die narratiewe van die gemeenskap word daar reeds 'n basis gelê vir die volgende stap waar daar in die gesprek met die gemeenskap gelet word op die moontlike invloed wat die gemeenskap op die probleem kan hê.

## 1.4 Die herskryf van die gemeenskap se narratiewe

Die herskryf van die gemeenskap se narratiewe beteken dat daar tydens gesprekvoering geleidelik beweeg word na aspekte in die ervaringswêreld van die gemeenskap wat die probleemgedomineerde stories konstrasteer en dus die teenoorgestelde verhaal tot gevolg het (Nicholson 1995: 24). Die gemeenskap beweeg byvoorbeeld van 'n storie van wanhoop na stories van hoop. Dit sou dan situasies wees waar die gemeenskap beheer oor die probleem geneem het en dus die probleem beïnvloed en nie langer toelaat dat die probleem alleen invloed op hulle uitoefen nie. Willie Werkloos word byvoorbeeld vervang deur Hester Hoop as alternatiewe/nuwe storie. Alhoewel die maatskaplike werker die gespreksituasie fasiliteer, word die gemeenskap die hoofskrywer van die nuwe of alternatiewe stories wat die vorige narratiewe vervang. Die ontwikkeling van sodanige stories beteken dat die gemeenskap dus probleemsituasies in die gemeenskap self begin hanteer. Hulle neem dus aktief aan, onder andere, gemeenskapsontwikkelingsprogramme deel as wyse om die nuwe stories tiperend van hulle lewe te maak.

Na aanleiding van die narratiewe werkswyse soos deur White ontwikkel, vorm die bepaling en uitbouing van unieke uitkomste die basis van die fasiliteringsproses ten einde nuwe stories te ontwikkel. 'n Unieke uitkoms sou kon verwys na stadiums in die gemeenskap se hede of verlede wanneer hulle in staat was om samewerking met die probleem te weier, of om op ervarings in hulle lewe te fokus wat deur

die probleem verswelg is en om nuwe betekenis aan hulle situasie te gee (Carlson 1997: 273).

Unieke uitkomste kan bepaal word deur binne verskillende tydsdimensies na moontlike geleenthede te soek waar die gemeenskap getoon het dat hulle beheer oor die probleem kan uitoefen. Ten opsigte van die verlede noem White (1989: 16) dat "persons can be encouraged to recall 'facts' or events that contradict the problem's effects in their lives and in their relationships". Gemeenskapslede sou byvoorbeeld gevra kon word om uit te brei oor geleenthede in die verlede waar van hulle daarin kon slaag om 'n werk te bekom of om op 'n wyse vir hulle 'n inkomste te genereer. Die omstandighede van so 'n situasie word in detail bespreek sodat die betrokkenes kan ervaar dat daar al wel momente was waar hulle beheer oor werkloosheid kon uitoefen. Benewens die verlede sou daar ook op situasies in die hede gefokus kon word waar gemeenskapslede die probleem teengestaan het.

Relatiewe beïnvloedingsvrae asook die vra van feitelike of gebeurlikheidsvrae ("landscape of action questions") en vrae met betrekking tot die betekenis wat aan gebeure geheg word ("landscape of consciousness questions") kan benut word om 'n proses te fasiliteer ten einde unieke uitkomste te bepaal en tot nuwe narratiewe te laat ontwikkel. Tydens verskillende gespreksgeleenthede poog die maatskaplike werker dus om deur middel van vrae die storievertelling van die gemeenskap sodanig te laat ontwikkel dat dit daarop neerkom dat hulle hulle lewe meer omvattend beskryf en stelselmatig nuwe betekenis met betrekking tot hulle totale bestaan en leefomstandighede laat realiseer.

Volgens Freedman & Combs (1996: 66-7) het die vra van relatiewe beïnvloedingsvrae tot gevolg dat die betrokkenes besef dat die probleem nie net 'n invloed op hulle het nie, maar dat hulle ook op die lewe van die probleem 'n invloed kan hê, met ander woorde hulle verhouding met die probleem het die potensiaal dat hulle in die beheerposisie kan beland. Verder het dit ook tot gevolg dat "it mobilizes people to join together in working to oppose the effects of the problem".

Aanvullend en bykomend tot die gebeurlikheidsvrae word die vrae met betrekking tot die betekenis wat aan die gebeure gegee word, gevra en sodoende kry die gemeenskap die geleentheid om die

betekenis wat hy heg aan die gebeure wat die probleemgedomineerde storie oorheers, uit te spel en verder te bespreek. Alternatiewe belewenisse, oortuigings en begeertes word bespreek wat kontrasterend tot die betekenis staan wat aan die probleemsituasie geheg word. Voorbeelde van sulke vrae is, onder andere: Tot watter nuwe gevolgtrekkings kom jy met betrekking tot wat vir jou belangrik is? Wat het dit van jou geverg om die inisiatief te neem om skoene te begin herstel ten einde 'n inkomste te genereer? Wat sê dit vir jou van jouself? Wat sê die aksies wat jy besig is om te neem vir jou van dit wat vir jou belangrik is in die lewe of wat jou doel in die lewe is? Die effek van die vra van bogenoemde vrae word deur White (1993: 45) soos volg opgesom: "As persons respond to landscape-of-action and landscape-of-consciousness questions, they engage in reliving of experience and their lives are 'retold'".

Ervaring-van-ervaringsvrae ("experience-of-experience questions") kan volgens White (1993: 45-6) ook nuttig gebruik word. Dit gaan daaroor dat die persoon se aandag gevestig word op hoe sy deur ander ervaar is ten opsigte van aksies wat geneem is om die probleem te ontmasker en 'n nuwe storie te vertel. In die konteks van 'n gemeenskap sou byvoorbeeld gevra kon word: Wat meen julle is die ander groepe of aangrensende gemeenskap se siening van julle poging om werk te skep? Wat dink jy vertel hierdie inisiatief wat jy geneem het aan ander mense van jou vermoëns? Wat dink jy kan hierdie optrede van jou aan die res van die gemeenskap openbaar ten opsigte van die leefwyse wat jy nastreef?

Freedman & Combs (1996: 133) verwys ook na vrae wat die verlede, hede en selfs toekomsverwagtinge van die probleemgedomineerde storie kontrasteer. In die proses word die gemeenskap gehelp om veranderinge wat reeds plaasgevind het, duidelik te identifiseer. Die volgende vrae sou byvoorbeeld gevra kon word: Hoe verskil hierdie optrede van wat julle voorheen sou doen? Jy is trots op die geld wat jy gemaak het met die verkoop van lekkergoed wat jy gemaak het. Hoe verskil dit van die kere wat jy gedink het niemand sal dit koop nie? Daar sou ook konteksgebonde vrae gevra kan word en sodoende word 'n nuwe storie aan 'n bepaalde plek en situasie verbind, ten einde die ontwikkeling en vestiging van so 'n storie te waarborg (Freedman & Combs 1996: 134). So sou daar die volgende gevra kon

word: Is daar moontlik 'n instansie of persone wat jou/julle vordering in die ontwikkeling van jou/julle eie bakkery sou kon ondersteun? Waar het dit gebeur? Wat anders het toe gebeur?

Geleidelik behoort die gemeenskap oor te gaan om toenemend nuwe stories te ontwikkel wat al die probleemtemas in hulle narratiewe kontrasteer en uiteindelik vervang. Alhoewel daar aanvaar kan word dat dit 'n lang proses mag wees, kan dit die gemeenskap in 'n onomkeerbare proses van ontwikkeling plaas. Hierdie proses van ontwikkeling wat geleidelik aan die gemeenskap en al sy lede 'n nuwe identiteit besorg, behoort voortdurend bevestig te word ten einde die onomkeerbaarheid daarvan in die hand te werk.

## 1.5 Seremonies ter bevestiging van die nuwe narratiewe van die gemeenskap

Seremonies ter bevestiging van die gemeenskap se nuwe stories, met ander woorde die verandering of ontwikkeling wat daar plaasgevind het, dui op geleenthede of rituele waar die nuwe narratiewe van die gemeenskap met ander gedeel word en sodoende bevestig word. Dit kan geskied deurdat 'n groep buitestaanders as getuie optree of dat dokumente uitgereik word ter bevestiging van die nuwe narratiewe (vgl White 1995: 178 &179; 1997: 93.) Daar word dus met hierdie seremonies gepoog om nuwe ontwikkelinge wat in die gemeenskap plaasvind, op verskillende vlakke te erken en sodoende mee te help om dit verder uit te bou en die gemeenskap se beheer oor probleme in hulle midde verder te versterk.

In die konteks van gemeenskapsontwikkeling sou die maatskaplike werker op kreatiewe of verbeeldingryke wyse te werk kon gaan om binne die betrokke kultuurmilieu van die gemeenskap seremonies te skep ter bevestiging van die nuwe narratiewe en meegaande identiteit van die gemeenskap. 'n Gemeenskapsvergadering of byeenkoms, soos 'n kerkdiens sou benut kon word om die vordering wat met bepaalde projekte gemaak word, aan te kondig. Tydens so 'n geleentheid sou daar buitestaanders en ander professionele persone genooi kon word om ook getuie te wees van wat binne die gemeenskap besig is om te gebeur. Gesprekke kan geïnisieer word waartydens die hervertelling van die nuwe stories kan plaasvind. So sou daar, byvoorbeeld, gesprek gevoer kan word oor al die pogings wat tans aange-

wend word om werkloosheid teen te werk, met klem op die suksesse wat bereik is.

Die hou van kompetisies sou in sekere situasies ook kon bydra tot die bevestiging van nuwe stories. In 'n gemeenskap waar daar met 'n tuinbouprojek begin is, sou 'n prys uitgeloof kon word vir die beste tuin. Wanneer 'n gemeenskap projekte loods om die omgewing te verfraai en skoon te hou, sou pryse toegeken kon word vir die mooiste straat. Dit sou rituele wees om die nuwe situasie wat in die gemeenskap ontwikkel te bevestig en verder te stimuleer.

Daar sou ook dokumente aan individue, groepe en die totale gemeenskap gegee kon word om die suksesse wat met bepaalde projekte bereik is, te bevestig. Indien vrouens in 'n gemeenskap byvoorbeeld 'n lekkergoedbedryf begin het, sou 'n sertifikaat van voortreflikheid of suksesvolle entrepreneurskap aan hulle uitgereik kon word. Selfs aan 'n skool wat bepaalde nuwe doelwitte van prestasie nastrewe en sukses behaal het, sou sodanige optrede kon lei tot die verdere bevestiging van die nuwe "lewe" wat by die betrokke skool na vore tree.

Daar behoort altyd toegesien te word dat die seremonies ter bevestiging van die nuwe stories in 'n gemeenskap eg is en met die nodige respek geskied. Dit behoort nooit uit 'n outoritêre posisie van mag te geskied nie, met ander woorde die persone wat as getuies optree toon hulle waardering, maar evalueer geensins nie. Die gemeenskap kan self hulle eie vordering evalueer, maar nie 'n buitestaander nie, want dit sou kon dui op die applouspraktyk waarteen White (1997: 97-8) waarsku. Die gemeenskap word dus nie gelukgewens en dan vir hulle "hande geklap" nie, asof hulle volgens sekere kundiges nou 'n bepaalde prestasie bereik het nie. Daar kan slegs getoon word dat daar besondere waardering en erkenning ("acknowledgement") bestaan vir dit wat in die gemeenskap besig is om te gebeur.

## 1.6 Herinneringsgesprekke

Na aanleiding van White (1997: 22-4) se uiteensetting van die sogenaamde "remembering practices" sou daar in die konteks van gemeenskapsontwikkeling op dieselfde beginsel en werkswyse te werk gegaan kon word. In plaas daarvan om net op persone in die gemeen-

skap se lewe of bestaan te let wat 'n besondere betekenis vir die totale gemeenskap het, hetsy positief of negatief, sou daar byvoorbeeld ook aan aspekte soos ideologieë, stelsels en wette aandag gegee kon word. In die Suid-Afrikaanse opset sou daar in sekere gemeenskappe met groot vrug aan vroeëre apartheidswetgewing aandag gegee kon word, mits dit 'n prominente invloed op die stories in die gemeenskap het.

Herinneringsgesprekke sou inhou dat die gemeenskap die geleentheid kry om die bepaalde persone of wette wat hulle baie negatief geraak het, te bespreek en dan na 'n punt te beweeg waar die stemme van sodanige persone of wette as't ware gedoof word en vervang word deur stemme van persone, gebeure en wette wat hulle nuwe narratiewe positief bevorder.

## 1.7 Die terugneempraktyk ("taking-it-back practice")

Die terugneempraktyk is 'n werkswyse wat deur White (1997: 132-47) ontwikkel is en word tydens sy implementering van narratiewe terapie benut. Dit sou egter ook in die konteks van gemeenskapsontwikkeling benut kan word, aangesien dit in ontwikkelingswerk ook gaan oor 'n bepaalde wisselwerking wat tussen die gemeenskap en maatskaplike werker plaasvind. Die wisselwerking vind ook tussen verskeie groepe in die gemeenskap plaas. Almal wat betrokke is se lewens word dus geraak.

By die implementering van die sogenaamde terugneempraktyk gaan dit primêr daaroor dat die maatskaplike werker die invloed wat haar werk met die gemeenskap op haar het, erken word en hierdie erkenning aan die gemeenskap teruggekommunikeer word (vgl White 1997: 143). Die maatskaplike werker sou dit op verskillende wyses kon doen. Daar sou byvoorbeeld tydens 'n gemeenskapsvergadering of die byeenkoms van kleiner groepe of in gesprekke met individue gemeld kon word dat sy self beïnvloed is deur dit wat in die gemeenskap gebeur. So sou bepaalde kennis en vaardighede wat by die gemeenskap geleer is, aangedui kon word asook nuwe betekenisse wat oor verskeie situasies ontwikkel is, uitgewys kon word. Die gemeenskap behoort die ervaring te hê dat deel van hulle nuwe identiteit juis inhou dat ander, selfs professionele persone, by hulle veel geleer het.

Deur middel van die media sou daar ook aan die gemeenskap gekommunikeer kon word dat hulle 'n besondere bydrae tot die lewe van die maatskaplike werker gemaak het en dat hulle bydra tot haar werk in ander gemeenskappe. Benewens die maatskaplike werker sou ander groepe en instansies onderling ook aan mekaar waardering kon toon vir die invloed wat hulle op mekaar se lewens gehad het. Die identifisering en eksternalisering van probleme uit stories moet aangemoedig word ter wille van toekomstige stories van hoop (vgl White 1997: 147).

## 2. Praktiese aspekte met betrekking tot die implementering van die narratiewe werkswyse in gemeenskapsontwikkeling

Ten opsigte van die praktiese implementering van die narratiewe werkswyse tydens gemeenskapsontwikkeling kan enkele praktiese riglyne aangestip word ten einde die uitvoerbaarheid daarvan verder toe te lig.

Met verwysing na Yvonne Sliep (White 1998; Sliep 1997 & 1998: 141-54) en 'n groep gesondheidswerkers se werk in Malawi ten opsigte van die Vigs-probleem, blyk dit dat die eksternalisering van die probleem en die ontwikkeling van 'n nuwe storie binne die kultuurgebruike van die betrokke gemeenskap op kreatiewe wyse geïmplementeer kan word. Nadat toestemming van die hoofmanne verkry is, is die betrokke gemeenskap deur hulle vir 'n vergadering byeengeroep. Tydens die vergadering het die groep gesondheidswerkers 'n groepbespreking ten aanskoue van die gemeenskap gehou. Een van die groeplede het as meneer Vigs ("Mr Aids") opgetree en 'n ander groeplid as mevrou Sorgsaam ("Mrs Care"). Die groep het geleentheid gehad om met die twee mense wat die probleem en die alternatiewe storie voorstel, gesprek te voer. Tydens die gesprek is die eienskappe en werkswyse van beide uitgespel. Daarna het die totale gemeenskap aan 'n oorlogsdans deelgeneem en meneer Vigs simbolies doodgemaak, terwyl mevrou Sorgsaam in die gemeenskap verwelkom is. Dié voorbeeld illustreer duidelik hoedat die gewoontes en gebruike binne 'n bepaalde gemeenskap verbeeldingryk benut kan

word om probleemgedomineerde narratiewe deur probleemoplossende verhale te vervang.

Carlson (1997: 277-82) gee 'n uiteensetting hoedat sketse gebruik sou kon word om die probleem te eksternaliseer en later die nuwe storie uit te beeld. Waarskynlik sou ander kunsvorme ook gebruik kon word, byvoorbeeld beeldhouwerk of werk met klei. Liedjies kan gekies of selfs gekomponeer word wat die probleem voorstel, asook die storie wat die probleemgedomineerde temas vervang. By die seremonies ter bevestiging van die nuwe narratiewe wat ontwikkel is, sou 'n gedig, 'n kreet en/of selfs 'n oorwinningslied voorgedra kon word om te bevestig dat die gemeenskap op 'n wenpad is. 'n Gemeenskap of groepe in die gemeenskap kan ook T-hemde laat druk met hulle embleem van oorwinning, met ander woorde van hulle nuwe narratief, daarop (vgl White 1998; Brigette *et al* 1998: 209 & 211).

'n Verskeidenheid van praktiese hulpmiddels kan gebruik word, soos 'n blaaibord, oudio-visuele hulpmiddels en alle ander materiaal waarmee bogenoemde kunsvorme tot uitdrukking gebring kan word. Die maatskaplike werker kan haar dus vry voel om onbeperk kreatief te werk te gaan en in die proses altyd sensitief te wees vir die kreatiwiteit van die gemeenskap, maar ook vir die gebruike en waardes van 'n bepaalde gemeenskap. Sodoende kan verseker word dat dit wat binne die raamwerk van 'n gemeenskap op 'n bepaalde tyd aanvaarbaar is, gerespekteer word.

## 3. Moontlike struikelblokke

Van die belangrikste struikelblokke waarmee die maatskaplike werker te make kan kry tydens die inisiëring en implementering van gemeenskapsontwikkeling volgens die narratiewe werkswyse is onder andere die volgende:

- Veral in 'n kultuur- en taaldiverse gemeenskap, kan taal 'n struikelblok wees tydens geprekvoering met die gemeenskap. Alhoewel 'n tweede taal of 'n tolk gebruik kan word, kan die spontane verloop van 'n gesprek ernstig daardeur belemmer word. Dit kan ook tot onnodige misverstande lei wat die verhouding tussen die maatskaplike werker en gemeenskap kan benadeel.

- Dit kan gebeur dat staatsdepartemente wat by gemeenskapsontwikkeling betrokke is, ten opsigte van hulle beleid met betrekking tot ontwikkelingswerk, mag verskil van die werkswyse van die maatskaplike werker. Dit kan verwarring by die gemeenskap skep en die proses van ontwikkeling nadelig beïnvloed.
- Wanneer daar 'n verskeidenheid van instansies en mense is wat ontwikkelingswerk in 'n bepaalde gemeenskap doen, kan dit tot oorvleueling en wedywering lei indien daar nie behoorlik gekoördineer word nie. So 'n situasie kan die inisiëring van ontwikkelingsprojekte ernstig benadeel en selfs kelder.
- Voorskriftelike vereistes van befondsers ten einde die gemeenskapsontwikkelingsprogramme te finansier, kan baie stremmend vir die maatskaplike werker wees en die verloop van die proses vertraag, of die toepassing van sekere beginsels in die wiele ry.
- 'n Tekort aan die nodige fondse om projekte te finansier, kan tot gevolg hê dat projekte gestaak word of dat daar teen 'n baie stadige tempo beweeg word.
- Ernstige politieke onrus en die voorkoms van geweld kan ook ontwikkelingsinisiatiewe vertraag en selfs weens die hoë veiligheidsrisiko verhinder.

In die lig van die genoemde moontlike struikelblokke, blyk dit dat die implementering van gemeenskapsontwikkelingsprojekte 'n komplekse aktiwiteit is en dit verg dat daar by die keuse van 'n werkswyse sensitief rekening gehou word met die unieke situasie van die totale konteks waarbinne die ontwikkelingsaksie plaasvind.

## 4. Samevatting

Wanneer daar volgens die narratiewe werkswyse gemeenskapsontwikkeling gedoen word, word aanvaar dat verskillende gemeenskappe en verskillende individue in dieselfde gemeenskap na aanleiding van hulle unieke ervaringe betekenis daaraan gee en sodoende eie werklikheidsperspektiewe ontwikkel waarvolgens hulle optree. Dié werklikheid van gemeenskappe vind uitdrukking deur middel van taal en wel in die vorm van narratiewe.

Die maatskaplike werker gaan deur middel van die fasilitering van 'n interaksieproses die gemeenskap in staat stel om hulle probleemgedomineerde stories te vertel, te eksternaliseer en nuwe alternatiewe stories te ontwikkel. Hierdie nuwe stories verteenwoordig die oplossing van probleme en die ontwikkeling van nuwe identiteite wat impliseer dat die gemeenskap bemagtig is en dus in beheer van hulle omstandighede is.

In die proses om die gemeenskap aktief aan hulle eie ontwikkeling te laat deelneem, en trouens eienaarskap daarvoor te aanvaar om volhoubare ontwikkeling te laat gebeur, toon die maatskaplike werker besondere respek aan al die lede van die gemeenskap. Namate die verskillende ontwikkelingsprojekte ontwikkel, ontstaan daarmee saam die vestiging van nuwe probleemoplossende stories. Die vordering word deur bevestigingseremonies ondersteun by wyse van geleenthede waar getuies die nuwe verwikkelinge aan die gemeenskap bevestig. Die ontwikkelingsproses word verder gesteun deur herinneringsgesprekke waartydens stelsels en ideologieë wat teenproduktief is se invloed op die gemeenskap beperk of selfs uitgewis word. 'n Verdere belangrike dimensie in die ontwikkelingsproses is die implementering van die terugneempraktyk, waartydens almal wat by die ontwikkelingsprogram betrokke is aan mekaar erkenning en waardering toon vir die wyse waarop hulle mekaar se lewens onderling verryk.

## Bibliografie

BRIGETTE, SUE, MEM & VERONIKA
1998. Power to our journeys. White & Denborough (eds) 1998: 203-13.

CARLSON T D
1997. Using art in narrative therapy: enhancing therapeutic possibilities. *The American Journal of Family Therapy* 25(3): 271-83.

DU PLESSIS M J M
2000. Die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel: 'n maatskaplikewerk-perspektief. Ongepubl PhD-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

EPSTON D (ed)
1998. *Catching up with David Epston: a collection of narrative practice-based papers*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

FAWCETT S B, A PAINE-ANDREWS, V T FRANCISCO, J A SCHULTZ, K P RICHTER, R K LEWIS, E L WILLIAMS, K J HARRIS, J Y BERKLEY, L FISHER & C M LOPEZ
1995. Using empowerment theory in collaborative partnerships for community health and development. *American Journal of Community Psychology* 23(5):677-97.

FREEDMAN J & G COMBS
1996. *Narrative therapy: the social construction of preferred realities*. New York: Norton.

GILLINGAN S & R PRICE (eds)
1993. *Therapeutic conversations*. New York: Norton.

GRAY M
1996. Towards an understanding of developmental social work. *Social Work Practice* 1(1): 9-13.

HOFFMAN K S & A L SALLEE
1994. *Social work practice: bridges to change*. Boston: Allyn & Bacon.

LEE M Y
1996. A constructivist approach to the help-seeking process of clients: a response to cultural diversity. *Clinical Social Work Journal* 24(2): 187-202.

MEHR J
1986. *Human services: concepts and intervention strategies*. 3rd ed. Boston: Allyn & Bacon.

NICHOLSON S
1995. The narrative dance — a practice map for White's therapy. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy* 16(1): 23-8.

O'HANLON B
1994. The third wave. *The Family Therapy Networker* 18(6): 19-29.

O'HANLON W H
1998. Commentary. Epston (ed) 1998: 58-9.

OOSTHUIZEN C J
1995. From visiting to co-creating communities: a conceptual map. *Maatskaplikewerk - Navorser - Praktisyn* 8(4): 279-88.

RAPPAPORT J
1995. Empowerment meets narrative: listening to stories and creating settings. *American Journal of Community Psychology* 23(5): 795-807.

SERVAES J
1995. Development communication — for whom and for what? *Communicatio* 21(1): 39-49.

SLIEP Y
1997. The Sixth International Conference of the SAAMFT: Reauthoring the (hi)stories we live and work by. Unpubl presentation, South African Association of Marital and Family Therapy. Helderfontein, 30 July-2 August 1997.

1998. Pang'ono pang'ono ndi mtolo — little by little we make a bundle. White & Denborough (eds) 1998: 141-54.

ST LAWRENCE J S & M NDIAYE
1997. Prevention research in rural communities: overview and concluding comments. *American Journal of Community Psychology* 25(4): 545-62.

VAN DER BERG C, M A O'NEIL & K J COLLINS
1999. Die gemeenskapswerker en taalkonstruktivisme in die fase van behoeftebepaling. *Social Work/ Maatskaplike Werk* 35(2): 113-23.

WHITE M
1989. The externalizing of the problem and the re-authoring of lives and relationships. *Selected papers*. Adelaide: Dulwich Centre Publications: 6-32.

1993. Deconstruction and therapy. Gillingan & Price (eds) 1993: 44-57.

1995. *Re-authoring lives: interviews & essays*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

1997. *Narratives of therapists' lives*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

1998. Narrative therapy. Narrative therapy workshop. Pretoria: Institute for Therapeutic Development, 27-31 July 1998.

WHITE M & D EPSTON
1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

WHITE C & D DENBOROUGH
1998. Companions on a journey: the work of the Dulwich Centre community mental health project. White & Denborough (eds) 1998: 1-16.

WHITE C & D DENBOROUGH (eds)
1998. *Introducing narrative therapy: a collection of practice-based writings*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.